met ander woorde, seleksie vir pelvisgrootte by bulle sal groter pelvisse tot gevolg hê by hul vroulike nageslag. Die erflikheid van pelvisgrootte wissel van 36-99% met 'n gemiddeld van 61%. Pelvisgroottes word aan die einde van die toets met 'n pelvismeter gedoen.

- **Skrotum-omtrek**: Skrotum-omtrek word met die afsluit van die toets gemeet. Op ouderdom 15-18 maande behoort die minimum testisgrootte, ongeag ras, ten minste 28 cm te wees. By die meting van skrotum-omtrek moet ook altyd onthou word dat die vorm van die testis ook in berekening gebring moet word. Bulle met 'n testis-omtrek van groter as 44 cm is ook nie altyd wenslik nie, aangesien hulle baie maklik beserings opdoen. Hannes sê dat daar tans gewerk word aan 'n skaal om testisvorm aan te teken.

Wat sê die boer?

Thys le Roux boer tans naby Schweizer-Reinecke met Drakensbergers. Hy was ook een van die stigterslede van die Veldbulklub Oos-Vrystaat. Die rede vir die stigting van die klub, aldus Thys, was die behoefte aan prestasie-getoetste bulle wat in die veld kon presteer.

"Ons uitgangspunt was van meet af aan dat 'n bul wat op die veld moet presteer, ook in die veld getoets moet kan word. Dus het ons ons toetse op die bestaande toetse wat destyds deur dr Johan Meeker gedoen, is geskoei," vertel Thys. Juis daarom speel veldaanpasbaarheid 'n sleutelrol in veldbultoetsing.

Die Veldbulklub is só gestruktureer, dat enigiemand daarby kan aansluit – dit sluit kommersiële telers in. "Die Veldbulklub se oogmerk is waardetoevoeging – die bulle wat deur die klub getoets is, kry almal die geregistreerde Veldbulklub-brandmerk," verduidelik Thys.

Nguni bulle by die Oos-Vrystaat veldbulklub

Verskillende kriteria

"Uit die aard van die saak sal verskillende gebiede diere lewer wat spesifiek vir daardie streke aangepas is. Dit is dan ook hoekom die Veldbulklub nie rigiede riglyne neerlê nie. Verskillende streke word beslis in gedagte gehou wanneer beoordeling en toetsing plaasvind, veral wanneer dit kom by voeding.

So sal die Veldbulklub byvoorbeeld in suurveldstreke 'n mate van graanvoeding toelaat, maar nooit verby 'n voorafbepaalde hoeveelheid nie. Voedingsvervanging word natuurlik glad nie toegelaat nie," sê Thys.

Thys meen dat graanvoer oor die langtermyn 'n probleem vir vee kan skep: "'n Bees wat van graan afhanklik is, gaan oor die lang termyn in kompetisie met die mens raak. En soos die bevolkingsaanwas groei, sal voedselsekuriteit al hoe belangriker word. Dus is dit nodig dat daar indringend gekyk word na diere wat slegs op die veld aangewese is vir produksie," sê Thys.

OPTI VLEISBEES PRODUKTE

PRESIES GEFORMULEER VIR OPTIMALE RESULTATE

Topgehalte vleisbeeste is feitlik sinoniem met ons streek. Daarom bied Noordwes Voere al jare lank optimale voedingsprodukte aan boere; pasgemaak vir die unieke behoeftes van jou beeste.



Hoekom is Opti Vleisbeesprodukte Beter?

- Slegs hoë kwaliteit grondstowwe, waarvan die chemiese ontleding beskikbaar is, word gebruik in formulerings volgens die jongste wetenskaplike navorsing.
- Die nuutste rekenaartegnologie word in die formulering gebruik.
- Produksieprosesse word onder konstante en kundige toesig gedoen.
- Uiters streng gehaltebeheer word toegepas tydens elke stap van die proses.
- Die resultaat is 'n topklas wetenskaplik geformuleerde rantsoen.
- Ons formules verseker smaaklikheid, verteerbaarheid en uitnemende kwaliteit.
- Ons mieliegebaseerde produkte is nie taai of klewerig nie – bevat geen klonte nie en is maklik hanteerbaar.
- Noordwes Voere se strategiese ligging hou afleweringskoste laag – ons pryse is dus baie mededingend.

Pasgemaakte Vleisbees rantsoene

Opti Bees Vetmes is die kragvoer gedeelte van 'n volledige vetmestingsrantsoen, hetsy by ingekraalde toestande of vir u beeste op weiding.

Opti Bees Vetmes Konsentraat 33 word met graan of "chop" vermeng vir die kragvoer gedeelte van 'n volledige vetmesrantsoen.

Opti Bees Konsentraat 80 kan tesame met graan en ruvoer 'n volledige rantsoen vir vleisbeeste teweeg bring. Opti Bees Konsentraat 80 kan baie effektief gebruik word vir die tuismeng van lekke.

Kontak gerus een van ons ervare span kundiges. Hulle staan reg om jou met raad te bedien vir jou unieke voedingbehoeftes.

opti

VOER VIR OPTIMALE RESULTATE

NOORDWES VOERE

www.noordwesvoere.co.za

Opti-reeks deur Noordwes Voere (Edms) Bpk
Posbus 1173, Lichtenburg, 2740 • Tel: +27(18) 632 4053 • Faks: +27 (18) 632 3989
E-pos : fouchel@nwk.co.za